Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Husain Mollagee**
Direktoraat: e-Leer
Husain.Mollagee@westerncape.gov.za | 021 467 2855

Lêerno.: 24/4/1
Verwysing: 20250306-1306

e-Leer-minuut: 0002/2025

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO-koördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale van skole wat graad 12 aanbied

**Onderwerp: Interaktiewe vraag-en-antwoord-databank vir die Nasionale Senior Sertifikaat**

1. ’n Interaktiewe biblioteek in vraag-en-antwoord-vorm (V&A), wat op vorige Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) vraestelle gebaseer is, en wat toepaslike materiaal bevat, is beskikbaar vir leerders wat die NSS-eksamen gaan aflê. Dit kan op die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se leerbestuurstelsel (LBS) verkry word. (Kyk https://wcedelearn.westerncape.gov.za)

2. Hierdie vraag-en-antwoord-databank het betrekking op NSS-vraestelle vanaf 2008 tot 2024, en dek die vakke wat deel is van die *Kurrikulum en assesseringsbeleidsverklaring* in Engels sowel as Afrikaans. Dit bied aan leerders die geleentheid om hul antwoorde op die vrae te toets en onmiddellik gegradeerde terugvoer te kry.

3. Hierdie V&A-hulpbronne is op afdeling een van vorige vraestelle gebaseer, wat in die formaat van meerkeusevrae, vrae oor bypassende kolomme en vrae met kort antwoorde is, en kan gebruik word as deel van klasse wat aangebied word om agterstande in te haal, vir hersieningsdoeleindes of soos deur vakopvoeders aanbeveel.

4. Die beskikbare vakke is in die aangehegte bylae gelys (**kyk Bylae A**).

5. Om toegang tot hierdie hulpbronne te verkry, het graad 12-leerders aantekenbesonderhede, wat op SOBIS beskikbaar is, nodig. Die proses word hieronder uiteengesit. Dit sal verseker dat die leerders direkte toegang tot die V&A-hulpbronne het wat tans beskikbaar is en by hul vakkeuses pas.

6. Die leerders se aantekenbesonderhede is op SOBIS beskikbaar onder die kieslysitem wat as “***Reports***” verskyn, en dan onder die subkieslys wat as “***LMS***” verskyn. Die **leerder se aantekenbesonderhede** kan dan individueel met elke graad 12-leerder gedeel word.

7. 'n Stapsgewyse handleiding is beskikbaar om gebruikers te help om toegang tot hierdie V&A-hulpbronne te verkry (**kyk Bylae B, B1 en B2**).

8. E-leer-adviseurs in distrikte kan vakaktiwiteit per skool en per distrik naspoor.

9. Gebruik asseblief die volgende skakel om met u distrik se e-Leer-adviseurs in verbinding te tree as u bykomende inligting of ondersteuning benodig: https://wcedonline.westerncape.gov.za/elearning/elearning-contact-your-elearning-advisor

10. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van die betrokke graad 12-vakopvoeders en -leerders te bring.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2025-03-13